Ps. 105: 1, 4, 5. **Doop: Ouer, Kind en God.** | A/Kp 14 Feb. 1960

Gez. 31: 1, 2, 3. Jes. 8: 5–18

Ps. 128 – Gez. 94: 2, 3, 4.

Jes. 8: 18 – Hier is ek en die kinders wat die Here my gegee het.

Die bediening van die sakrament v.d. Doop aan d. kindjie van 'n egpaar bied ons 'n kostelike geleentheid waarna ons reeds lank uitgesien het om d. wese en betekenis v.d. doop te bespreek en behandel i.d. lig van Gods Wd. Vanselfsprekend sal ook vrae na vore kom: wat is nou eintlik die betekenis v.d. doop? Wie mag daaraan deel hê en wie nie?

Ons doen dit omdat daar so baie wanopvattinge omtrent die doop by lidmate bestaan: dit maak 'n mens bang en hartseer as jy merk heelwat lidmate, verbondseuns, daar is wat die doop nog nooit reg verstaan het nie, wat nog hardnekkig o.a. die volgende onwaarhede glo en verkondig – bv.:

- die doop is d. geleentheid waar die kindjie sy naam kry
- as die kindjie nie gedoop is, is hy nie gered nie en gaan dus reguit hel-toe as hy sterwe
- dis goeie Afr. tradisie waaraan ek as goeie Afrikaner ook moet voldoen
- die kindjie meer gesond en d. doop meer kragtig en indrukwekkend is as d. kindjie met Jordaanwater gedoop is (asof dit enige verskil maak of die water vir die doop uit d. Jordaanrivier of die Vaalrivier kom!)

En dan verder die pynlike, hartverskeurende onkunde by Xtinene oor wie kinders mag laat doop en wie nie, oor die feit dat as Sakrament dit altyd ~~moet~~ behoort te geskied ① in die boesem v.d. gemeente en nie by privaat byeenkomste van familie ② nadat die verkondiging v.d. Wd. eers plaasgevind het (na voorbeeld van die Skrif);

## I Die Doop: Sy Betekenis:

① Teken en Sinnebeeld: Net soos by die Nagml Xtus ons die brood en wyn as tekens gegee het, so is ook die doop en die water by die doop

a) 'n ~~teken en sinnebeeld~~ erkenning v.d. verdorwenheid v.d. mens as sondaar. Dan sê ons Formulier ook tereg: „Die leer v.d. H. Doop word in hd- 3 hoofpunte saamgevat: Ten eerste dat ons met ons kinders in sonde ontvang en gebore word"

b) 'n teken v.d. vergifnis van sondes: Die water waarmee ons gedoop word kan nooit ons sondes afwas nie – dan maak dit in beginsel geen verskil of ons besprinkel word met 'n paar druppels water of ondergedompel word in 'n bad of rivier water nie! Die water is egter wel die Teken van die bloed v Xtus wat ons siel reinig soos d. water ons liggaam reinig!

c) 'n versiening van die verbond wat God deur d. geslagte sluit met gelowige ouers: nl. dat die Xtenouer op grond v.d. verbond van genade (Hand. 2:39) sy kindjie mag en moet laat doop itd geloof dat ook sy kind deur God in dd verbond opgeneem is!



## II Die Doop: Verantwoordelikheid v.d. Ouer: Teks:

Hier kom die ouer dus vrywilliglik sekere geestelike verantwoordelikhede op hom neem:

① Bely die ouer dat hy glo dat sy kindjie in Christus geheilig is en dus lid word v.d. gemeente deur d. doop

② Bevestig die ouer opnuut sy gehegtheid a.d. waarheid v.d. Bybel as Wd. v God en die leer van sy kerk as „ware v volkome leer v.d. saligheid" (verduidelik wat presies dit beteken).

③ Beloof en onderneem die ouer om sy kindjie in die waarhede self te onderrig (Tuis) en te laat onderrig (Kerk, S.S., dagskool, Katkisasie)

Dus: die ouer kan staan in hier sy kind se geest. opvoeding voor God. En hoe staan 'n ouer daarvoor in? Nie net deur sy woord v leer nie. So al deur voorbeeld en lewe as ware Xtenouer! En d. doop is hier d. ouer 'n gedurige sigbare herinnering aan sy heilige en heerlike verantwoordelikheid voor God t.o.v. sy kind as kind v.d. verbond!

– Verstaan u nou waarom die ware Xtenouer, as hy d. doop reg verstaan en begeer, d. doop so gou moontlik na d. geboorte sal laat bedien – en dat enige uitstel v.d. doop sonder waaragtig-gegronde redes 'n groot sonde is voor God! Ouers wat 3, 4, 6 maande wag uitklik d. wese v.d. doop verkrag v d. Sakrament ontheilig! (Nuusberig v. persoon: oorsee – 2-3 jr gewag).

– Verstaan u nou waarom alleen iemand wat belydenis van sy geloof afgelê het as doopouer of doopgetuie mag staan of optree? Hoe kan iemand wat self nie lidmaat is, JA antwoord op Vrae 2 en 3 v.d. doopformulier?

– Verstaan u nou waarom dit 'n bespotting is van die doop as ouers wat anders nooit in 'n kerk kom nie, toegelaat word om hulle kinders te laat doop? Kerkraad sy plig teenoor God versuim deur so 'n toestand te laat ontwikkel of te laat voortduur?

– Verstaan u nou waarom dit heeltemal onvanpas is om ouers voor 'n kansel by geleentheid v.d. doop geluk te wens asof dit 'n prestasie van sy kant is, 'n verdienste dat hy sy kindjie laat doop?

– Verstaan u nou dat dit ook ouers se heilige plig is om sy kindjie tuis te verklaar waarom hy gedoop is en wat dit alles insluit? En dat die ouer se eie vb. i. godsdiens, kerkbesoek, Bybellesing so sterk moet wees dat d. kind alm sien hoe opreg sy vader en moeder dit m.d. doop bedoel het!

II Doop: Verantwoordelikheid v.d. Kind:

Nv. die doop lê nie net 'n verantwoordelikheid op die ouer nie – ook die kind wat gedoop word ontvang 'n heilige en goddel. verantwoordelikheid waarvan hy nooit straffeloos sal loskom nie:

1) Teenoor ouer: Die kindjie wat gedoop is, moet leer, namate hy opgroei, dat as sy vader en moeder hom onderrig in d. waarhede v.d. Bybel, van God en gebed, van kerkgaan en katkisasie – dat hy as kind in gehoorsaamheid aan God dit met dankbaarheid moet ontvang uit d. hand van God – en aktief moet saamwerk en God moet dank vir sulke ouers!

2) Teenoor Kerk: Nv. dd. kindjie moet ook leer om in sy hart 'n warm liefde te ontwikkel teenoor sy kerk wat hom d. m.v. sy katkisasie, sy kerklike jeugvereniging, sy kerkgemeenskap wil help om geestelik te ontplooi!

3) Teenoor God: Nv. bo al sal die gedoopte kind leer verstaan dat dit hier gaan om 'n belofte wat God aan sy ouers gegee het en dat hy een of ander tyd moet besluit – persoonlik moet besluit – of hy dd. polis wat sy ouers by God uitgeneem het in sy naam en waarvan hulle d. premies betaal het tot by sy volwassenheid – of hy dit gaan oordra op sy naam. Dus: of hy verstaan dat d. God d. Sakr. v.d. doop wil laat deurloop tot d. sakr. v.d. Awendmaal; of hy verstaan dat deur d. doop hy behoort te kom tot belydenis van geloof!

Dan word dit nou 'n saak van: Tussen my en God! 'n Persoonlike transaksie!

III Doop: Verantwoordelikheid van God.